
# Die Geheim van Geluk



3. Geluk deur arm van gees te wees



2023-01-22

**AGS Rayton**

Past Gustav van Aardt


## Inleiding – Geluk

- **Almal wil graag gelukkig wees.**
- **Wat is die bron van geluk?**
- **Sukses, materiële dinge, roem, plesier, mag, rykdom?**
- **Is almal so gelukkig soos wat hulle voorgee?**
- **Daar moet meer wees...**











## Deel 1 – Inleiding: Soeke na geluk

- Blywende geluk
- Hoekom het Jesus gekom?
  - Om vir ons lewe in oorvloed te gee (Joh 10:10)
  - Sy lewe vir ons te gee as offer
- Offers wat ons moet bring (jouself, vlees, eie belange, dank aan die Here)
  - Gal 2:20
  - Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my
- Soek geluk op die regte plek
  - Almal wat dors het.. (Jes 55:1)
  - Kom koop sonder sonder geld, wyn en melk

## Deel 2

- Jesus die antwoord vir al ons geluk
- Lewe en oorvloed
- Die Woord (Jesus) gee vir ons die antwoorde
- Jesus is die Verlosser wat gestuur is om vir sondaars te kom sterf.
- Hy is die Seun van God en het die dood oorwin.
- Hy is heilig
- Jesus het ware blydskap en seën geken.
- Hy was meer as net 'n uitsonderlike leermeester.
- Hy het die ganse geskiedenis van die mensdom kom verander.
- Hy was meer as 'n mens….. Hy was God wat na die aarde gekom het, die Beeld van die onsienlike God.
- Jesus het gekom om vrede te bring op aarde
- Die lering van Jesus het mense uitgedaag.

## Die Saligsprekinge (deur Jesus Christus)

**Jesus se bedoeling met die saligsprekinge:**

- **Dit wat jou NOU gelukkig sal maak, asook in die ewige lewe.**
- **Die karakter van mense wat gelukkig is.**
- **Wat moet gedoen word om waarlik gelukkig en geseënd te wees**
- **Om ons te leer en reg te help (anders as wat die wêreld verkondig)**
- **Dit help ons om Jesus beter te verstaan en Hom te leer ken.**
- **Maak ons harte oop vir Jesus se lering en Sy gebooie**
- **Help ons verstaan die Evangelie bring blydskap vir almal (nie net vir sekeres nie)**
- **Dit help ons verstaan wat God van ons as mens verwag, en wat ons ook van Hom kan verwag.**
- **Lei ons tot die grootpad na geluk**
- **Karakter eienskappe van geseënde en gelukkige mense, asook 'n toekomstige seën wat daarmee gepaardgaan.**



## Die Saligsprekinge (deur Jesus Christus)

- **Jesus se saligsprekinge tydens die bergpredikasie**

Mat 5:2  en Hy het sy mond geopen en hulle geleer en gesê:
Mat 5:3  Salig is die ....

Amplified Bible : Blessed (happy, joy and satisfaction)
NLV: Gelukkig is die mens

- **Griekse woord:** ***"makarios"***
  - **- supremely blessed**
  - **- happy**



## Die Saligsprekinge (deur Jesus Christus)

Mat 5:2 en Hy het sy mond geopen en hulle geleer en gesê:
**Mat 5:3 Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.**
Mat 5:4 Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.
Mat 5:5 Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.
Mat 5:6 Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.
Mat 5:7 Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.
Mat 5:8 Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.
Mat 5:9 Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.
Mat 5:10 Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.
Mat 5:11 Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.
Mat 5:12 Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het.

## Geluk deur arm van gees

Salig is die wat **arm van gees is**, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Mat 5:3 (1953)

Geseënd is die wat weet hoe **afhanklik hulle van God is**, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. Mat 5:3 (1983)

Gelukkig is die mense wat **weet hoe nodig hulle God het**, want die koninkryk van die hemele is hulle deel. Mat 5:3 (NLV)

Blessed (happy, to be envied, and spiritually prosperous – with life-joy and satisfaction in God’s favor and salvation, regardless of their outward conditions) are the poor **in spirit (the humble, who rate themselves insignificant)**, for theirs is the kingdom of heaven!. Mat 5:3

## Waarna soek die mens:

1. Innerlike Vrede en Blydskap
2. Doel (purpose) en Waarheid
3. Verhouding met God




Gen 1:26 En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.
Gen 1:27 En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

Spr 8:17 Ék het lief die wat my liefhet, en die wat my soek, sal my vind.

## 1. Wees bewus van jou geestelike armoede

1. **Eerste stap is om ons geestelike armoede te erken en besef.**
2. **Ryk man het gedink sy goeie oes en besittings is genoeg.**

Luk 12:19 **En ek sal vir my siel sê: Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik.**
Luk 12:20 Maar God het aan hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereedgemaak het, wie s'n sal dit wees?
Luk 12:21 So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader **en nie ryk is in God nie.**

## 1. Wees bewus van jou geestelike armoede

**3. Ons spandeer baie tyd aan ons fisiese liggame, en oefen nie genoeg geestelik nie. (1 Tim 4:7-8)**

- **Jou siel benodig net soveel aandag en selfs meer.**
- **Gemeenskap met God**
- **Tye van aanbidding**

1Tim 4:7 Maar verwerp onheilige en oudwyfse fabels, en **oefen jou in die godsaligheid**. 8 Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomende lewe het.

## 1. Wees bewus van jou geestelike armoede

**Die tollenaar het sy geestelike armoede erken**

Luk 18:10 Twee manne het na die tempel opgegaan om te bid, die een 'n Fariseër en die ander 'n tollenaar. 11 En die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: o God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie—rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie. 12 Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry. 13 **En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar, genadig!** 14 Ek sê vir julle, **hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan** eerder as die eerste een; want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word.

## 2. Wees bereid om jouself leeg te maak

1. **God se ekonomie:**
   - **Maak leeg voor jy volmaak.**
   - **Bely voor daar vergifnis is.**
   - **Armoede voor rykdom**

2. **Daar is geluk in erkenning van geestelike armoede, want dit maak die pad oop dat Jesus in ons harte kan inkom.**

3. **Ons moet ons sondes bely as 'n stap tot geluk.**

Rom 3:23 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,

## 2. Wees bereid om jouself leeg te maak

Openb 3:15 Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie.
Was jy tog maar koud of warm! 16 Maar nou, omdat jy lou is en nie
koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.
**17 Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek
nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm
en blind en naak is nie.** 18 Ek raai jou aan om van My te koop goud
wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou
kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en
salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien. 19 Almal wat Ek liefhet, bestraf
en tugtig Ek. **Wees dan ywerig en bekeer jou**.
20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop**. As iemand my stem hoor en
die deur oopmaak**, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd
hou, en hy met My.

## 3. Aanvaar die rykdom wat daar is in Christus

1. **Daar is 'n oplossing vir ons siekte van sonde.**
2. **'n Geneesmiddel.**
3. **Al die sonde, onsekerheid, ongelukkigheid kan vervang word met vergifnis, redding, geluk, blydskap, vrede en vergenoegdheid in Jesus Christus.**
4. **Hy plaas 'n klein stukkie van die hemel in jou siel.**
5. **Ons moet ons geestelike armoede bely en Jesus Christus aanneem as Verlosser. (Bekering)**
6. **Dit verander jou lewe (natuur).**

## 4. Wees bewus van jou afhanklikheid van God

Mat 18:3 en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie **verander en soos die kindertjies word** nie, sal julle **nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie**!
Mat 18:4 Elkeen dan wat homself **verneder** soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele.

1. **Word soos kinders (afhanklik van die Here)**
2. **Jy word mos 'n kind van God as Jesus aanneem.** **(Joh 1:12)**
3. **Kinders aanvaar hulle het 'n reg tot wat ouers hulle gee (kos, klere)**
4. **Kinders is vrymoedig om hulle ouers te benader.**

Heb 4:16 Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.

## 5. Wees bereid om jouself te verloën

**Mat 16:24** Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.

1. **Self verloën**
2. **Erken jou geestelike armoede.**
3. **Eie ek moet sterf.**
4. **Raak nederig**

**Alleen diegene wat arm van gees en ryk in God is, sal waardig geag word om in die hemel in te gaan, omdat hulle nie op grond van hulle eie verdienste kom nie, maar in die geregtigheid van die Verlosser Jesus Christus.**

## Afsluiting

- **Besef eerste jy is arm van gees en het 'n Verlosser nodig. Neem Jesus aan!!**
- **Bly egter arm van gees (nederig, diep afhanklik van God), jy sal ryk word in God.**
- **Altyd in nood vir God se genade. (Dit sal lei tot dieper verhouding met God)**
- **Selfverloëning**
- **'n Nederige en soekende siel sal die heerlikheid van God se koninkryk beleef**

Gelukkig is die mense wat **weet hoe nodig hulle God het**, want die koninkryk van die hemele is hulle deel. Mat 5:3 (NLV)

# AGS Rayton se Visie

**"ONS VOLG JESUS CHRISTUS, DIE LIG VAN DIE WÊRELD, DEUR TE WANDEL SOOS KINDERS VAN DIE LIG"**



19